

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 18

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

HET U GEWEET?

Het u geweet hoe lyk dit in die hart van 'n mens waarin die koninkryk van die hemele gekom het?

- As uitgeroei word wat hyself gedink het moet bly staan.
- As geplant word wat hyself 'n bedenklige nuwigheid vind.
- As sterwe wat hyself graag in die lewe wou hou.
- As daar geweene moet word terwyl hy liewer graag wou lag,

dan sê 'n mens in wie se hart die koninkryk gekom het deur die krag van Jesus Christus:

God is goed in al sy handel
en sy pad is enkel reg...
Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid,
en sy werk altyd getrou vir
wie wandel in sy waarheid
en op sy beloftes bou.

Kan u dit ook sê?

WEES IN ALLES DANKBAAR

“Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle”

(1 Thess. 5:18).

So skrywe Paulus aan die vervolgte Christene in Tessalonika. Wat beteken hierdie woorde? Johannes Calvyn het in sy kommentaar op Paulus se brief aan die Tessalonisense die volgende pragtige verklaring gegee: God het so 'n gesindheid jeens ons in Christus, dat ons selfs in ons verdrukkinge groot geleentheid tot danksegging het. Wat is meer gepas om ons te vertroos, as wanneer ons leer dat God ons in Christus so teer omhels dat Hy alles wat oor ons kom, tot ons beswil beskik? Laat ons daarom in gedagte hou dat dit 'n besondere geneesmiddel is om ons ongeduld stil te maak. Ons moet naamlik ons oë afwend van die huidige kwaad wat ons teister en ons blik rig op 'n oorweging van 'n ander aard: hoe, deur liefde bewoë, God in Christus jeens ons staan.

Ek wil in u eie belang vra dat u hierdie magtige woorde van Calvyn weer en weer en weer sal lees.

DIE MAN IN 'N DOODLOOPSTRAAT

Die moderne mens is soos 'n man wat in 'n dorp woon waarin al die strate doodloopstrate is.

Soos 'n algebra-som waarin die waardes weerskante van die is-gelyk-aan-teken mekaar presies uitkanselleer, totdat jy op die end uitkom by die sinnelose antwoord: nul is gelyk aan nul.

Motors wat bruilof toe ry en motors wat kerkhof toe ry; boukontraakteurs wat betonkonstruksies oprig en slopingskontraakteurs wat geboue afbreek; vragmotors wat klippe aanry en vragmotors wat klippe wegry; treine met mense wat van 'n onbekende bestemming af kom en treine wat met mense vertrek na 'n onbekende bestemming. Nul is gelyk aan nul.

Agter hierdie sinnelose spel wat hom voltrek tussen die uiterstes van geboorte en dood, is daar 'n God wat alles volgens 'n vaste raadsplan laat verloop.

Hoog in die toring hang God se horlosie waarop die verskillende ure vir elke mens se lewe aangedui word. Nou slaan die geboorteuur... dan die sterwensuur. Ons kan self nie die hand uitsteek om na ons willekeur die horlosie te verstel nie... daarvoor hang dit veels te hoog.

Soos klein kindertjies kan ons maar net op die grond staan en opkyk na die draai van die wysters oor die syfers heen... sonder om te weet hoe laat dit regtig is. Dit is genoeg om 'n mens gek te maak van angs as jy daaraan dink: oor my sal die ure slaan volgens 'n tydmaat wat vir my berekening te hoog is, wat volgens my eie horlosie hopeloos verkeerd is en beurtelings sal vreugde en droefheid, gesondheid en siekte, rykdom en armoede, liefde en haat, vrede en stryd my te beurt val. Ek sal in hierdie ritmiese spel van die ure meegesleur word soos 'n drenkeling in die ritme van die branders wat hom eers die diepsee insuig en hom daarna, deurweek van sterflikheid, sal uitspoel op die oewer van die dood.

Ja, so lyk hierdie lewe as ons daarna kyk, maar as ons na die lewe kyk met oë waarin die lig van die geloof in Jesus Christus ontsteek is, lyk alles anders.

Jesus Christus het die verskansing aan die einde van die doodloopstraat met sy opstanding uit die dode deurbreek. Hy bring ons in 'n stad waarvan die poorte nooit weer gesluit sal word nie en wat eenmaal na al die wêreldoorde oop sal wees, wydoop. Die werklikhede van sy kruis, sy dood, sy opstanding, sy hemelvaart en wederkoms kan deur niks uitgekanselleer word nie.

Paulus sê: “Ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.” (Rom. 8:38, 39).

Nou lyk die algebra-vergelyking so: Vir my is die lewe gelyk aan Christus en die sterwe wins.

Hoor wat bely die Christelike kerk wat met gelowige oë na die uurwerk van God se voorsienigheid kyk: dat ons in teëspoed geduldig en in voorspoed dankbaar moet wees en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertrouwe moet stel op ons getroue God en Vader dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie; aangesien alle skepsele so in sy hand is dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie. (Heidelbergse Kategismus, X, 28).

Is dit ook u belydenis, of sit u nog en kwel in die doodloopstraat?

Sê my

Het u nou die dag in die koerant gelees van die bedelaar wat in 'n armoedige pondokkie tussen die vodde op sy bed dood aangetref is? Hy was uitgeteer van die honger en is uiteindelik aan ondervoeding oorlede. Toe die polisie 'n dag of wat later die klomp rommel in die kamertjie kom opruim het en daar wás 'n klomp nuttelose goed, het hulle onder sy bed 'n ystertrommeltjie ontdek. Toe hulle eindelijk die geroeste slotjie oopgebreek het, het hulle die inhoud op die toonbank uitgegooi: R25,000 in papiergeld.

Dwaas né?

Sê my: watter verskil is daar tussen hierdie boemelaar wat van honger sterf met 'n trommel vol geld onder sy bed en uself wat van geestelike honger wegkwyn met 'n Bybel wat u nooit lees nie... toe onder die stof op u boekrak?

IS U SO 'N KERKGANGER?

Daar was onlangs 'n kerkdien
— die klok het luid geskal;
die jakkals het 'n diep onrus gevoel
wat nie meer van hom wou wyk nie.

Hy wou en sou gaan luister;
hy druk en dring totdat hy
in die stampvolle kerkie
'n plek verower het.

Dié was ondanks die drukte
op die galery nog oop.
Daar sit beer en wolf en kat
al in die eerste ry.

Die kuikendief dra 'n manel,
die kat 'n sagte pels.
Wagter, die hond, was ekstra
vir hierdie dag uitgevat.

Die haas tree op as koster,
'n spierwit strikkie om sy nek;
die vark knor diep ootmoedig
en bely sy verskriklike onreinheid.

Die bok sit stip voor hom en kyk,
sy wange is skoongeskeer,
asof hy die laaste oordeel
nou elke oomblik verwag.

Die ganse en uile is wit uitgedos
met mantel en sluier kompleet.
Dit sou ure duur as ek almal
wat daar was, wou beskrywe.

Wat preek die leraar pragtig!
Die tier wat daar eenkant sit,
slaan op sy bors in ootmoed;
die bul begin saggies bid.

Die haan besluit om ook predikant te word,
die bok wil na 'n klooster gaan.
En kyk nou hoe die bekeerde jakkals
vol diep berou opstaan.

Die preek is verby. Soos engele
gaan elkeen nou na sy huis.
Maar by die uitgang van die diens
vang die kat alweer 'n muis.

Die wolf verslind 'n skapie,
die tier bespring 'n koei,
die kuikendief 'n kuiken
en nog 'n duifie daarby.

Ou Wagter stap weer die kroeg in
en drink bykans 'n vat.
Die haan staan op die mishoop
en is lankal spyt oor sy besluit.

Vry verwerk na die **Frans van Michel Rodange**.

KRAGKAMPIOENE

Ons tyd het 'n geweldige bewondering vir sterk manne. Daar stroom tienduisende mense na die sportvelde en boks- en stoei-arenas om die kragmeting van die moderne kragkampioene te aanskou.

In die koninkryk van God is daar ook kragkampioene — Pragvoorbeelde wat bomenslike dinge met die spierkrag van die geloof doen.

U sal hulle aantref op plekke waar u hulle straks nooit verwag het nie. As u hulle wil sien, moet U maar na die siekekamer gaan. Daar lê hulle — dikwels eenvoudige, armoedige, ongeletterde mense — die liggaam deur siekte afgebreek totdat die skerp beendere van die skelet deur die vel begin steek, sodat die bedsere saam met die siekte die hele lewe in een sneeustorm van smart verander. As jy sou vra hoe dit gaan, is die geprewelde antwoord: “Baie goed dankie, deur die genade van die Here Jesus.”

Hoe verklaar u dit?

- Watter geheime krag skuil daar tog in die geloof in Jesus Christus?
- Hoe verklaar u dit dat Paulus en Silas met hulle klere van hulle liggame gestroop en hul rûe rooi van die bloed en geselwonde in die nag *lofliedere* tot eer van God in die gevangenis kon sing?
- Hoe verklaar u dit dat Chrisostomus as balling in armoede en ellende kon sterf met hierdie as sy laaste woorde: God sy gedank vir alles?
- Hoe verklaar u dit dat die siek persoon soms met 'n lyde wat jare lank voortsleep dikwels die dankbaarste en vrolikste persoon in die huisgesin is?
- Hoe verklaar u dat die siekekamer soms die sonnigste hoekie in die huis is — selfs al weet die sieke dat hy nooit weer sal opstaan nie?

Daar is net een verklaring moontlik. Paulus skryf dit aan die Filippense: *"Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee."* (Filip. 4:13). Ken u hierdie krag?

GEBED

Almagtige God en Vader, ek beken voor U van ganser harte dat ek dikwels traag was in die navolging van my Verlosser. Verleen my genade om Hom voortaan as 'n gehoorsame dienskneg in die geloof te volg in lewe en in sterwe. Here Jesus, gee my genade om U te volg, die enige ware Gids en op U weg te wandel in ootmoed en gehoorsaamheid. U het self gesê dat U ons 'n voorbeeld gegee het. Gee my die krag om U na te volg. Trek my agter U aan. O Heilige Gees, werk in my, sodat ek deur U genade en krag Christus, my Here, kan navolg. Vernuwe en regeer my, sodat Christus in my sal woon en my lei op die weg van die geloof tot die ewige lewe. Amen.

Johann Gerhard.

Hulle het dit nie verstaan nie . . .

Met opgetrekte wenkbroue het hulle dag vir dag na die petalje van Noag en familie se werksaamhede gestaan en kyk. Dat 'n grootmens so simpel kan wees om hierdie kolossale skip myle van die see af op die droë grond te bou, was bokant hul vuurmaakplek. Sommige van hulle het moontlik met draaibewegings van die wysvinger langs die kop, vir mekaar beduie dat Noag nie heeltemal reg in sy bokamer is nie.

U moenie dink dat hierdie mense self half swaksinnig was nie. Hulle het 'n baie goeie begrip gehad van alles en nog wat, maar van die ontsettende prediking wat daar met elke hamerhou op die ark na hulle gestuur is, het hulle g'n snars begryp nie. Bekeer jou, want die oordeel kom. Dit was vir hulle Grieks.

Miskien ken u die spreekwoord: daar is nie 'n dommer mens as die een wat nie *wil* verstaan nie. Ek wonder soms of dit nie met hierdie mense ook die geval was nie. Hulle het nie verstaan nie, omdat hulle nie wou verstaan nie?

Eet en drink en trou

Terwyl Noag aan sy groot skip getimmer het, het hulle geëet en gedrink en getrou. (Matt. 24:38). Wat is miskien hiermee verkeerd, hoor ek iemand vra.

Hierdie mense se fout het nie gelê in wat hulle gedoen het nie. Eet en drink en trou is alles noodsaaklike handeling en is op sig self geen sonde nie.

Hul fout het gelê in wat hulle **nie** gedoen het nie. Hulle het geëet en gedrink en getrou sonder om God in hierdie dinge te ken en te eerbiedig. Die reël wat Paulus later aan die Korinthiërs geskrywe het, was vir hulle totaal onverstaanbaar: "Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God." (1 Kor. 10:31). Hoe kan 'n mens nou tot eer of ooneer van God eet of drink? Verbeel jou!

Tot op die dag...

So het dit aangegaan tot op die dag dat Noag in die ark gegaan en die sondvloed gekom en almal weggevoer het. Miskien het hulle toe verstaan — toe dit vir ewig te laat was. Presies so, sê Jesus, sal dit weer by sy wederkoms wees.

Die mense sal eet en drink en trou — natuurlik alles sonder God — en hulle sal die oordeelsprediking van die kerk nie verstaan tot op die dag van sy wederkoms nie.

Hoe eet en drink u? Bid en dank u nog aan tafel, of eet en drink u sonder God? Waar is u getroud? In die kerk, voor die aangesig van God, of in die kantoor voor die landdros?

Is daar ook plek vir God en godsdiens in u huweliks- en gesinslewe, of leef u soos die mense in die tyd van Noag? Trek u u wenkbroue op as u die kerkmense Sondag sien kerk toe stap terwyl u op pad is na die gholf- of tennisbaan toe?

Draai u die vinger langs die kop as u oor die radio 'n dominee so ernstig hoor preek oor die oordeel wat naby is en hierdie stukkies wat u nou hier lees — gee dit u 'n kieweling van ongeduld?

Die mense voor die sondvloed het dit nie verstaan nie, tot op die dag...Het u dit verstaan? Wou u dit al ooit verstaan, of sal u dit ook eers eendag verstaan as dit vir ewig te laat is?

P.W.B.

DIE BOTTEL IS MY GOD

Dis vreeslike woorde om te sê. Wie maak nou 'n god van 'n bottel? Ek is tog nie 'n heiden nie. Ek is nie so dwaas nie. Die heiden, ja, die Romein het in sy Bacchusfeeste, sy drinkpartye en uitspattighede die afgod aangeroop.

Ou vriend, kyk, die afgode is nog glad nie uit die land nie. Hulle lyk anders, hulle het ander name, maar hulle is nog daar... meer as wat 'n mens miskien dink. Lees maar die Heidelbergse Kategismus, Sondag XXXIV, met die verklarings soos ook uit die Heilige Skrif aangehaal. As die bottel jou lewe beheers, is hy jou god, jou afgod.

Nee dominee, nou gaan jy te ver. Kyk, so 'n drankie nou en dan, watter kwaad kan dit doen? Die Bybel praat ook van wyn wat goed is vir die maag en jou van jou armoede en ellende laat vergeet.

Wag 'n bietjie ou maat Nou haal jy die Woord van God aan en pasop, hy sny twee kante toe. Jy bedoel natuurlik 1 Tim. 5:23. Let tog daarop; daar staan "bietjie". Wees nou eerlik... dit bly nooit 'n bietjie nie. As jy een gesluk het, dan voel daardie ou enetjie so eensaam dat jy gou-gou nog een en meer agterna stuur vir geselskap en dan word dit regtig geselskap. Daar is mos nooit 'n maat nie. Gewoonlik gaan dit oor die maat en dan is daar lawaai.

Jy sinspeel ook op dit wat jy lees in Spr. 13:6 en 7. Jou armoede en ellende vergeet. Vir hoe lank? As jy weer bykom, is dit eers erg.

Wees maar versigtig hoe jy die Skrif aanhaal. Dis God wat daar praat. 'n Mens moet baie eerbiedig luister na wat Hy sê en nie jou eie woorde en verklaring gee nie. Terwyl ons nou met die Skrif besig is, kom ons lees en luister verder. In Gen. 9 lees ons van Noag en die wingerd en dronkenskap. Die vader was 'n spot vir sy seuns — wat 'n skande! Een van sy seuns word vervloek tot in sy nageslag.

Die drank maak van jou 'n spotter, jy gaan soos 'n dwaas tekere en jy is 'n lawaaimaker. (Spr. 20:1). Die drinker word nie ryk nie, gaan nie vooruit in die lewe. (Spr. 21:17). Lees maar Spr. 23:29 en verder. Daar is klagte en gekerm, daar is dronkmans-rusie en wonde, daar is dowwe oë; (dink maar hier aan die mense wat beneweld agter die motor se stuurwiel gaan sit, om net dit te noem); ja die drank sal jou byt soos 'n slang. Hy spuug gif uit.

Jesaja roep die "wee" uit oor sulke mense. As jy eers aan die drank verslaaf is, staan jy daarmee op, en gaan jy daarmee slaap. Jy kry nie klaar met hom, en hy kry nie klaar met jou nie. Jy is gevang. Ja, so gaan dit met die grootpratery, die helde van die wynkan. (Jes. 5:11; 22). As die drank bitter word, Jes. 24:9, as dit met goddelike ironie vir jou geskenk word, dat die skuim so staan, dat dit oorloop en jou uitdaag, dan moet jy dit opslurp, leegdrink... ook die afsaksel, die bitter moer. (Ps. 75:9). Nou het die wyn jou baas geword, 'n verskriklike tiran. Die wyn het die held verslaan. (Jes. 28:1). Jy is nou die ellendige slaaf van jou afgod.

So verwoes jy dan jouself, die vriendelike glimlag en die vreugde verdwyn uit jou huis en jy word 'n ergernis vir almal. Jy wat al te ver gegaan het, mag God jou genadig wees. Gryp die hand van jou Saligmaker vas. Wat vir jou onmoontlik is, is by Hom nog altyd moontlik.

Erken net eerlik jou sonde en jou swakheid. Verwag jou hulp van Hom alleen. Hy sal jou red en verlos van die drankgod. Moet nooit moed opgee nie. Jy wat nog so speel met die drank, jy speel met vuur, jy speel met gif, jy speel met jou toekoms, met jou geluk, met die geluk van ander mense, gewoonlik die van jou vrou, van jou kind...

Maak tog jou oë oop voor dit te laat is, luister na die Woord van God, maak 'n studie van die lewe van die drinkers, let op die einde van sulke mense en wees gewaarsku.

Aaaaaag, die ou bottelgod is net so simpel as al die afgode en wie sal hom eintlik wil dien? Net 'n dwaas! Moenie dat die goeie gawes van God deur misbruik, vir jou 'n vloek word nie, maar laat die gebruik daarvan vir jou tot seën wees en geniet dit met 'n dankbare hart tot eer van God.

J.v.R.

MY GELD IS MY GOD

Niemand sal ontken dat geld iets is wat ons almal nodig het nie. Daarom is dit ons plig om te werk om geld te verdien, want waarmee sal jy kos en klere koop? Hierdie noodsaaklike middel kan egter 'n groot gevaar vir jou inhou. Dit kan jou siel verderf toe sleep. Jou geld kan jou god word.

Geld maak jou gewild

Hoeveel mense leef net vir geld! Hulle hele lewe is daarop ingestel om geld te maak. Dit kan 'n towermiddel wees wat aan jou vriende, mag en invloed gee. 'n Ongelowige ryk man wat vrylik uitdeel, se naam is op almal se lippe. Hulle vra nie hoe en waar hy daaraan gekom het nie en hy sê vir homself: Wat sou ek gewees het as ek nie geld gehad het nie? Hy bid nie, want hy glo dat hy alles het wat hy nodig het. Hy dank ook nie, want as dit nie vir sy vernuf met finansies was nie, sou hy nie so 'n vername man gewees het nie. Aan God en sy gebod dink hy nie, Hy het vir niks anders tyd as net vir geldmaak nie. Daarvoor sloof hy hom af. Dis die towermiddel wat hom alles gee wat hy graag wil hê. Ja, sy geld is sy god.

Geld kan jou nie red nie

Dan kom daar 'n ernstige siekte. Hy gaan van die een dokter na die ander. Naderhand selfs na geneeshere in die buiteland. Dog sy kwaal is ongeneeslik. Daardie god wat van hom so 'n belangrike man gemaak het, kan sy gesondheid nie vir hom teruggee nie. Hy begin ook dink aan die dood. Wat gebeur met 'n mens as jy te sterwe kom?

Uiteindelik kom die man, wat gereken het dat sy geld hom uit elke moeilike situasie kan help, tot die ontstellende ontdekking dat sy god niks is nie. Al sy gejaag na meer rykdom was 'n gejaag na wind.

Dit kan sy gesondheid nie herstel nie, maar wat meer is... dit kan hom ook nie die hoop op die ewige lewe gee nie. Met al die duisende tot sy beskikking is hy ongelukkiger as 'n arme bedelaar.

In die mag van Satan

Nou sien hy eers dat as jou geld die dag jou god is, is jy volkome in die mag van Satan en hy is 'n harde meester. Hy ken geen liefde nie, hy weet niks van barmhartigheid nie en laat hom ook nie beweeg deur trane of smekinge nie. Hy maak van die mens 'n slaaf.

Christus die Verlosser

Hierdie helse heerskappy word deur Christus verbreek. 'n Mens kan nie jou saligheid met geld koop nie, want dit is nie die oormag van Satan waaraan ons moet ontkom nie, maar die regverdige oordeel van God. Aan die reg van God kan nie met goud of silwer voldoen word nie. Die straf op die sonde is die dood en daaraan kan ons alleen ontkom deur die dood van Jesus Christus. Hy het ons vrygekoop... nie met geld nie, maar met sy dierbare bloed. Wie in Hom glo, behoort aan Hom. Hy is ons Here en ons is sy diensknegte en diensmaagde.

Wie beweer: "My geld is my god", staan onder die wrede heerskappy van die duiwel. Kyk maar na die mens wat die geldgod dien! Hy het geen rus vir sy siel nie. Hy ly naderhand aan 'n hartkwaal of 'n maagsweer. Sy lewe is gejaagd en sonder vrede. Hy dien 'n harde meester wat geen genade ken nie.

Dog die juk van Jesus is sag en sy las is lig. Hy nooi almal wat vermoeid en belas is, na Hom toe. Hy sal hulle rus gee... ook van die ewige gejaag na meer geld, eer en aansien.

H. A. Louw.

Soos 'n straat in die donker

Toe ek verlede Oujaarsaand terugdink oor die jaar wat verby is, het my lewe meteens vir my gelyk soos 'n straat waarvan 'n hele klomp gloeilampies stukkend gegooi is. Die gevolg is dat hier 'n ligkol is, twee honderd tree verder 'n ligkol en dan weer honderd tree verder 'n ligkol. Tussen-in is daar stukke nagtelike duisternis. Hierdie patroon van lig en donkerheid herhaal hom sover ek kon terugkyk — tot daar waar die straat oor die bult verdwyn. Waarom?

My geloof is so klein en ek bid so min. Die geloof is die hand waarmee ek die weldade van Jesus Christus moet aanneem. Die geloof is die mond waarmee ek **die** spyse wat Christus berei, moet geniet, maar as my geloof vir negentig persent op geen-aktiwiteit is, dan lyk my lewe soos 'n donker straat waarvan die gloeilampies nog net hier en daar brand.

Die gebed is die asemhaling van my siel.

Die geheim van 'n werklike aktiewe geloofslewe is dat God sy genade en sy Heilige Gees alleen wil skenk aan diegene wat Hom met hartlike sugte sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.

As ek maar alleen by hoë uitsondering bid, waarlik bid, dan versmoor my siel en dan lyk my lewe soos 'n straat waarvan die meeste gloeilampies stukkend gegooi is.

Here, leer my bid.

Here, help my om te glo.

Pelgrim.